Gereformeerde Kerk Trinitas
2018-04-15

Markus 9:2-8

<u>God maak ons oë oop om Christus werklik te sien vir wie Hy is</u>

<u>Inleiding:</u>

- Perspektief – dit is die vermoë om dinge in hulle verhouding tot mekaar te sien.
    - Soms is dit nodig om terug te staan in ‘n bepaalde situasie om perspektief reg te verstaan.
        - Ander kere moet iemand iets vir jou uitlig om werklik perspektief te kan kry oor ‘n sekere saak.
- Wanneer ons saam lees in Markus 9, kan ons nie perspektief verloor nie.
    - Sou dit gebeur, misinterpreteer ons die gedeelte heeltemaal.
        - Dit is belangrik dat hierdie gedeelte binne die hele prentjie van Christus se werk op aarde gesien moet word, om werklik te kan verstaan.
- In Markus 1:1 staan die woorde – *“Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God begin so:”*
    - En van daar af word die hele verhaal van Jesus se lewe hier op aarde vertel.
        - Die fokus van die hele evangelie volgens Markus, gaan oor die die lydende Messias, Jesus Christus, wat Homself openbaar as die Seun van God.
            - Dit is ‘n mondvol.
            - Tog sien ons deurlopend in die boek hoe die menslike begrip te kort skiet en mense dikwels perspektief verloor en daaro Christus nie sien vir wie Hy is nie.
- Maar ondanks hierdie onkunde van die mens, maak God ons oë oop om Christus te sien vir wie Hy werklik is.

<u>Christus se openbaring is ‘n duidelike teken van sy Goddelikheid</u>

- Ons het almal al gedink sal dit nie makliker wees om te glo as Jesus voor my kom staan nie.
    - As ek hom self kan sien.
    - As ek soos Tomas my hande in sy wonde kan steek.

        - Dis ‘n fisiese teken!
            - Dis soveel makliker as om blindelings te glo.
- Maar is dit werklik so eenvoudig?
- Markus 9 gaan oor die verheerliking op die berg.
    - Christus en drie van sy dissipels gaan die berg op.
        - Daar word duidelik genoem dat hulle alleen is.
    - Skielik verander Christus se voorkoms voor hulle oë.
        - Asof dit nie genoeg is nie, verskyn Moses en Elia en hulle praat met Jesus.
    - Dink jouself in die vrees wat die drie dissipels moes ervaar.
- As ons kyk na die manier wat Markus skryf, is dit eenvoudige taal.
    - Hy skryf oor die algemeen chronologies – soos wat die tyd verloop.
        - Hy maak nie gebruik van tye en datums nie en praat deur woorde te gebruik soos skielik, daarna, later.
    - Maar in Markus 9 is daar egter ‘n uitsondering.
        - “*Ses dae later*”
        - Dit is die enigste keer in hierdie evangelie waar daar so pertinent na ‘n tydsverloop gewys word.
- In Numeri 26:15 lees ons dat Moses vir ses dae deur die wolk omhul was op die berg voordat die Here uitgeroep het na Moses.
    - So sien ons ook iets van die voorbereiding van die ses dae waar God dan op die sewende dag weer uitroep op die berg.
        - Op hierdie wyse word dit reeds bevestig dat Christus ook die groter profeet as Moses gaan wees waarvan Hebreërs 8 ook later vertel in die Nuwe Testament.
    - Die agtergrond en die opbou vir hierdie gedeelte word dan op hierdie manier vasgestel.
        - Dis daarom verstaanbaar dat die dissipels vreesbevange staan ek kyk na die gebeure voor hulle afspeel.
            - Hulle leermeester verander heeltemaal.
            - En asof dit nie genoeg is nie verskyn die groot profeet Moses voor hulle, en Elia – die profeet wat die teken is van die eindtyd waarvan Maleagi 4:4 praat.
    - Geliefdes dit is baie duidelik dat Christus nie ‘n normale mens is nie.
        - Daar is goddelike kragte wat werk in hierdie tyd op die berg.
            - Al hierdie gebeure speel af voor die dissipels.
                - Christus word duidelik voor hulle oë bevestig as Jesus Christus, die gesalfde, die Seun van God!

- Maar steeds is daar twyfel.

<u>Die Gees van God gee aan ons perspektief</u>

- Drie keer in die evangelie word die vraag gevra aan die dissipels
  - "*Wie sê julle is Ek?"*
- In Markus 8:29 antwoord Petrus met oorgawe "U is die Christus"
  - Hy antwoord baie duidelik.
    - Dit lyk of Petrus verstaan.
    - Maar wanneer Petrus in hoofstuk 9 uiteindelik weer sy woorde agtermekaar kry verklap hy iets van sy onkunde.
      - Hy spreek Jesus weer aan as Rabbi.
        - Hy noem hom leer meester.
    - Net 'n week vroeër het Petrus opgewonde bely dat Jesus die Christus is, maar nou wanneer die realitiet fisies voor hom verskyn war Jesus as die Christus geopenbaar word, dan twyfel Petrus.
- Maar Petrus se onkunde stop nie net by die begrip wie Jesus is nie, maar ook by die begrip van Christus se rol as die Seun van God.
  - Hy praat namens Johannes en Jakobus en wil hutte bou.
    - Petrus se onkunde verklap 'n paar elemente van sy gebrek aan begrip van wie Jesus is.
      - Hy verstaan nie Christus as God nie.
      - Hy stel Jesus gelyk aan Moses en Elia.
      - Hy sien Jesus as 'n aardse verlosser wat in 'n aardse gebou vasgevang kan word.
      - Petrus dink hy kan die Seun van God huisves in 'n eenvoudige hut.
  - Petrus word geantwoord, maar nie deur woorde nie.
    - Hy kry perspektief deur die gebeure wat verder voor sy oë plaasvind.
- *"Daar het toe 'n wolk gekom wat sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk het daar 'n stem gekom: Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom."*
  - Soos met Christus se doop word die stem van God duidelik gehoor.
  - God self sê dat Christus sy Seun is.
    - Hy gee ook die opdrag – Luister na Hom!
- Direk na die gebeure sien hulle net vir Jesus.
  - Hulle sien Jesus alleen, en niemand anders nie.

- Ons sou dink dat dit die nodige openbaring was om aan die dissipels die perspektief te gee, om hulle geloof so te verryk om werklik te besef dat dit die Seun van God is.
    - Dit is egter nie die geval nie.
        - Soos wat die hoofstuk verder gaan sien ons dat die dissipels steeds nie verstaan nie.
    - Ons sien eers dat iemand begrip toon in Markus 15:39.
        - Daar verklaar die Romeinse soldaat dit wat Markus in sy hele skrywe wil duidelik maak.
            - *"Hierdie man was werklik die Seun van God."*
    - Op die berg sien die dissipels na die openbaring Jesus alleen.
        - Hier aan die kruis sien hulle hom weer, alleen.
            - Maar ook Godverlate.
    - Die Seun van God word byna wees agtergelaat aan die kruis.
        - Die man wat verander is op die berg, hang nou leweloos aan die kruis, en eers dan kom die begrip dat Jesus werklik die Seun van God is.

<u>Wie sê jy is Christus?</u>

- God praat nie met ons deur die aandwind in die tuin nie.
- Hy praat nie meer met ons deur die brandende bos nie.
- Hy verskyn nie voor ons op 'n berg nie.
    - Maar ons het die woord van God.
        - Die woord van God wat vir ons 'n baie voller prentjie gee van wie Christus is.
    - Daarom dan die vraag wie sê jy is Christus?
        - Is Hy 'n voorspoedsgod wat seker maak dat alles altyd met jou goed sal gaan?
        - Is Hy 'n boeregod wat seker maak dat die volk nie ten gronde gaan nie, en die boernasie sal bly voortbestaan?
        - Of is Hy werklik die Seun van God?
            - Die Een wat verneder is deur aan die kruis te sterf, maar deur die almag van die lewende God opgewek is uit die dood en opgevaar het na die hemel?
- Dit maak nie saak wie jy sê Christus is nie.
    - Jou idee van Christus bepaal nie wie Christus is nie.
        - Hy is die gesalfde Een.
        - Hy is die Seun van God.
            - Perspektief help ons om tot daardie begrip te kom.

Slot:

- Die wêreld is nie altyd tevrede met wie Christus is nie.
    - Hulle poog om Hom te verander en selfs om minder van Hom te maak as wie Hy werklik is.
        - Maar menslike pogings verander nie wie Christus is nie.
- Daarom moet ons bid dat die Heilige Gees ons harte so verander dat ons oë sal oopgaan om die Seun van God te sien vir wie Hy werklik is.
    - Jesus Christus
    - Die gesalfde
    - Die Seun van God.